HOËRSKOOL CENTURION

SELBOURNELAAN, LYTTELTON, CENTURION. GPS: GPS: S 25: 49' 48.3" / E 28: 11' 57.0"
TEL: (012) 664 5803 FAKS: (012) 664 7969 INFO@HSCENTURION.CO.ZA WWW.HSCENTURION.CO.ZA

18 Februarie 2019

Geagte Ouer

INTERHOëR – 21 FEBRUARIE 2019

Ons Intherhoër vind eerskomende Donderdag, 21 Februarie by Pilditch-atletiekstadion in Pretoria Wes plaas. Die atlete is sowat 150 wat deelneem op die dag en die sanggroep bestaan uit 250 leerders. Hulle vertrek vroegoggend van die skool af per bus om die skool vir die dag te gaan verteenwoordig. Ons wens hulle alle sukses en sterkte toe vir die dag.

Vir die res van die leerders is dit ‘n normale skooldag, soos deur die Department van Onderwys verwag word. Daar sal dus genoegsame personeel by die skool wees om die leerders hier te hanteer. Heelwat akademiese werk gaan plaasvind, veral wat tale en mondelinge praatjies aanbetref van die nie-atlete. Ook praktiese komponente van kuns en ander vakke sal aandag geniet.

Die skoolure sal egter verkort word en die skool sal reeds om 12:00 uitkom vir die leerders wat by die skool agterbly. Die bussies wat roetes in die middae ry, sal dan vertrek en ouers kan hul kinders dus 12:00 kom afhaal. Vir diegene wat nie met akademiese werk besig gehou word nie, sal daar geleentheid wees om onderwysers behulpsaam te wees met enkele takies, waarna hulle na video’s in die saal kan gaan kyk.

Woerie-groete.

J. CLOETE
SPORTHOOF

H. J. KOEKEMOER
HOOF (WAARNEMEND)